

26 Januarie

Psalm 1

Die lewe se twee paaie

Twee mense staan langs mekaar. Albei geniet die lewe. Die een is goddeloos. Hy verkneukel hom daarin om slegte raad te gee, en saam met drinkers, dwelmverslaafdes, prostitute en vloekers te kuier. Jy vind hom gereeld tussen die wat grappies maak oor dit wat vir God belangrik is. Hierin vind hy sy vreugde.

Die ander man kuier nie saam met hom nie, luister nie na sy advies en grappe nie en laat hom nie ompraat vir 'n aandjie saam met hulle nie. Tog is hy in sy hart bly - 'n glimlag gly uit sy hart, want hy **oordink** die Woord van God dag en nag. Hy lees en bestudeer die Bybel graag voortdurend. Wanneer hy nie besig is om te lees nie, is hy besig om oor die betekenis en toepassing daarvan na te dink. En dan gaan doen hy dit wat hy gelees het en oor nagedink het. Hierdie man geniet dit om kind van God te wees en daarvolgens te leef, deur die Woord sonder ophou te oordink - lees, dink en doen. Sy hoof, hart en hande is in die Woord. Dit beïnvloed sy lewe. Sy lewe wys mooi dinge. Hy tref mense met sy optrede. Hy prikkel hulle om ook 'n bydrae te maak in die lewe.

God seën hom en laat dit goed gaan met Hom. Hy noem hom regverdig, omdat hy hom deur God alleen laat lei, omdat die Woord hom lewensbly maak.

Langs watter een van die twee manne staan jy? Oordink die Woord van die Here - dag en nag.

Sing: Psalm 1:1

Ds. A. Jansen (Wierdapark)